



Waarom Sonde Gestraf moet word

Straf Mamma jou partykeer? Of Pappa dalk? As jy stout was, moet jy dalk na jou kamer toe, of sy vat dalk jou speelgoed weg. Dalk mag jy nie meer na daardie mooi storie kyk nie. Dalk moet jy in die hoekie sit, of dalk gee sy jou pak. Hoekom dink jy straf Mamma of Pappa jou?

As jy stout was, *moet* jy gestraf word. Mamma straf jou, omdat dit reg is so. Alle stoutigheid moet gestraf word.

En daar is nog 'n rede. Mamma of Pappa straf jou om jou te leer. Straf help 'n mens om die lelike en verkeerde dinge *te laat staan*. Daarom is straf *goed* vir ons. Straf is goed vir grootmense ook. Straf help ons om reg te lewe, soos die HERE daarvan hou.

God is heilig. Onthou jy hoe die engele Hom geprys het met "Heilig, heilig, heilig!"? God het geen sonde nie. Hy is rein en goed. Hy wil graag dat *ons* ook rein en goed is. Hy wil graag dat ons net soos Hy is.

Omdat God so heilig is, kan Hy nie *toelaat* dat ons die sonde doen sonder om ons te straf nie.

As ons teen Hom sonde doen, verdien ons om gestraf te word.

As ons nie na Pappa en Mamma luister nie, sondig ons teen *hulle*. Maar dan sondig ons *ook* teen God, omdat Hy vir kinders gesê het om hulle ouers te gehoorsaam. Sonde is baie, baie verkeerd.

Sonde het in die wêreld gekom toe Adam en Eva gesondig het. Kan jy nog onthou? Nadat hulle sonde gedoen het, het die sonde net erger en erger geword. Nie lank nie, toe is daar baie mense op die aarde en hulle was baie boos.

God was eintlik baie goed vir hulle. Hy het hulle nie almal *dadelik* gestraf nie, maar 'n baie *lang* tyd gewag. Hy wou graag hê dat die mense sou

terugkeer na Hom, hulle rug op die sonde sou draai, en Hom weer sal dien.

Maar eendag, toe God van die hemel neerkyk, het Hy gesien dat daar eintlik net *een* gesin was wat regtig probeer het om God gehoorsaam te wees en Hom te dien. Dit was Noag se familie. Al die ander mense was baie sleg en boos. Hulle was besig om van die wonderlike aarde wat God geskep het, 'n baie slegte plek te maak.

Toe het God gesê, "Ek sal die mens wat Ek geskep het, van die aarde verdelg, en al hulle boosheid wegvee".

God het vir Noag gesê dat Hy 'n baie groot vloed gaan stuur om die hele aarde met water te bedek. Hy het ook vir Noag beveel om 'n ark te bou, 'n baie groot boot. Die boot moes soos 'n huis wees. Daar moes drie verdiepings wees, en 'n deur en 'n venster.

Noag en sy seuns het dadelik aan die werk gespring en die ark begin bou. En hulle het hulle bure vertel van die groot vloed wat gaan kom. Maar niemand van die mense wou glo dat die vloed regtig sou kom nie.

Uiteindelik was de ark klaar gebou. Toe het Noag in die ark gegaan: hy en sy familie en al die diere wat God wou spaar. Noag het gedoen net soos die Here hom beveel het. En toe het God die groot vloed gestuur. Die water het die hele aarde oordek, en al die slegte en bose mense het verdrink. Net dié wat in die ark was, het nie verdrink nie.

Dit was 'n *vreeslike* straf.

Maar die Bybel sê vir ons dat *alle* sonde met 'n vreeslike straf gestraf moet word – ook jou sonde en my sonde. Die Bybel leer ons dat alle sondaars wat nie na die HERE terugdraai nie, vir *altyd verlore* sal wees.

Gesels hieroor:

1. Hoekom is straf reg en goed?

2. Hoe sal God eendag al die sondaars straf?
3. Mag ons kwaad word as ons gestraf word?

Die Bybel sê:

'Die loon van die sonde is die dood.'

(Romeine 6:23)

Maar toe God die vloed gestuur het, het Hy Noag gespaar! Ja, God is baie goed en genadig. Hy het vir Noag gesê wat om te doen om gered te word. En Hy vertel ook vir ons wat ons moet doen om gered te word. Ons sal in die volgende les oor daardie wonderlike manier van redding leer.

Wat ons kan lees:

Genesis 8:6-16

Ons leer 'n nuwe lied oor hoe God Noag en sy huisgesin spaar:

Die mense op die aarde, was vol sonde, boos en sleg,
Maar Noag het met God geleef, regverdig en opreg.

Die HERE gee bevel vir Noag om 'n ark te bou,
Want so wil God sy Kerk bewaar en sy Beloftes hou.

God gaan die wêreld straf en stuur die reën, 'n watervloed...
Maar Noag en sy huisgesin word vir die straf behoed.

Gebed:

Groot en heilige God, ons weet ons hart is baie sondig. Ons verdien om gestraf te word, net soos die slegte mense in Noag se tyd. Maar, O HERE, wees ons asseblief genadig, vergewe asseblief al ons sonde, om Jesus wil, Amen.

Marian Schoolland

© 2018
www.christelikedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*